

HALFTYD MET LEGENDES

Deel 1 – Simson

Hebreërs 12:1-2 Terwyl ons dan so 'n groot skare geloofsgetuies rondom ons het, laat ons elke las van ons afgooi, ook die sonde wat ons so maklik verstriek, en laat ons die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop, die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof.

Rigters 13:24-25 Die vrou het 'n seun in die wêreld gebring en sy het hom Simson genoem. Die kind het groot geword en die Here het hom geseën: die Gees van die Here het hom in Magane-Dan, tussen Sora en Estaol, begin lei.

Rigters 14:1 Op 'n keer is Simson na Timna toe en daar het hy 'n vrou gesien. Sy was 'n Filistynse meisie.

Rigters 16:20 Toe sy sê: “Die Filistyne is hier, Simson!” het hy wakker geskrik en gedink: ek sal weer uitstap soos die vorige kere en my losruk. Maar hy het nie besef dat die Here hom verlaat het nie.

Rigters 16:30 Toe sê hy: “Laat my sterf saam met die Filistyne.” Hy het met al sy krag getrek, en die tempel het ingeval op die leiers van die Filistyne en op die mense daarin. So het Simson met sy dood meer mense doodgemaak as in sy lewe.

Simson sou sê:

➤ Ek was blind vir _____.

Lukas 19:10 Die Seun van die mens het immers gekom om te soek en te red wat verlore is.

➤ Onthou God het jou met 'n _____ gemaak.

Efesiërs 2:10 Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dae waarvoor Hy ons bestem het.

Johannes 20:21 “Vrede vir julle!” sê Hy weer vir hulle. “Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook.”

➤ Ek was blind vir _____.

1 Korintiërs 15:33 Moet julle nie langer laat mislei nie: “Slegte geselskap bederf goeie sedes.”

➤ _____ jou verhoudings _____.

Spreek 13:20 Wie met wyse mense omgaan, kry self wysheid; wie hom met dwase ophou, word self sleg.

➤ Ek was blind vir _____.

Jesaja 11:2(AOV) en op Hom sal die Gees van die HERE rus, die Gees van wysheid en verstand, die Gees van raad en sterkte, die Gees van kennis en van die vrees van die HERE.

➤ Beskerm die _____ van God.

1 Tessalonisense 5:19 Moenie die werking van die Heilige Gees teenstaan nie.

Efesiërs 4:30 En moenie die Heilige Gees van God bedroef nie...

NEEM KENNIS

GROEP VIR JONG WERKENDES SOSIAAL: Woensdag 4 Septemeber om 18h00

Die groep jong werkendes gaan Woensdag lekker saam kuier om mekaar beter te leer ken. Ons het ander mense nodig om saam hierdie pad met Jesus te stap. Vir meer inligting, kontak Danie du Plessis by 073 854 2974

MANNE AAND: Maandag 2 September om 18h00

Ons mannebediening hou 'n sessie oor Stiltetyd met praktiese wenke! Maandag 2 September 2019 om 18h00 by die kerk. Bring jou vrae, 'n leerbare gees en word gevoed om ander te voed! Alle mans is welkom. Bring al jou vriende, jou seun, broer, pa en kollega. Navrae: Carel – 0829090296; Rudi – 0826956658

VROUE AAND: Maandag 2 September om 18h00

Die vrouebediening nooi graag alle dames uit na hulle volgende byeenkoms op 2 September om 18h00. Tema: Trappe na Triomf. Kom kyk hoe ons mekaar bemoedig en versterk! Ons visie is dat elke vrou net geloof soos 'n klein masterdsaadjie sal bring. Die Here Jesus sal dit laat groei en dit sal word soos 'n groot masterdboom waarin daar baie voëls kan sit en nes maak. Kontak vir Liezel by liezel@kerk.co.za of by die kerkkantoor by 051 451 1017 of Nadia (0827144245) vir meer inligting.

DOOP INLIGTINGSAAND: Woensdag 4 September om 18h30

Dalk dink of wonder jy oor die doop. Dalk het jy besluit om gedoop te word of wil jy net van jou vrae beantwoord hê. Ons hou Woensdag, 4 Septemer, om 18h30, 'n inligtingsaand by die kerk oor die doop om juis hierdie vrae te beantwoord en jou te help verstaan wat ons as kerk glo oor die doop. Let wel, ons glo in die doop van gelowiges na bekering. Indien jy die aand wil bywoon, registreer asseblief sodat ons kan weet hoeveel mense kom. Jy kan jou naam opgee by Magda by die kerkkantoor: 0514511017 of magda@kerk.co.za.

INLIGTINGSAAND: 6 September, 18h30

Om van gemeente te verander of om deel te word van 'n kerk vir die eerste keer is 'n groot stap. By hierdie aand verduidelik ons graag vir jou wie is die Baptiste Kerk en hoe werk ons eie gemeente. Ons antwoord hier graag jou vrae wat jy maontlik kan hê oor ons gemeente. Indien jy graag wil lidmaat word van die kerk, is dit ons verwagting dat jy hierdie aand sal bywoon. Vir meer inligting of om te registreer, kontak vir Magda by die kerkkantoor – 0514511017 of magda@kerk.co.za.

LESOTHO: 4-6 Oktober 2019

Ons volgende uitreik na die gemeente by Polihali in Lesotho is om die draai. Hierdie sal die laaste uitreik van die jaar wees. As die Here dit op jou hart druk om hier betrokke te raak en saam te gaan, is dit nou die tyd om jou naam op die lys te sit en jou paspoort in orde te kry! Wanneer: Vrydag 4 tot Sondag 6 Oktober Sluitingsdatum: 20 Sept. Kontak: Erika Malan - 0722915683

WORD DEEL

BYBELSKOOL: Donderdae 9h00

Donderdae oggende om 9h00, in die Moederskamer aan die ooste kant van die kerk, werk mense sistematies deur die boeke van die Bybel met die hulp van Unlocking the Bible. Navrae: Helena Bam 0843515855.

T.i.C. – Teens In Christ

T.i.C. is ons tienerbediening by die kerk. Ons kom elke Vrydag aand om 17:30-19:30 bymekaar by die kerk. Kom geniet dit saam met ons en bou verhoudings met ander tieners. Vir meer inligting kontak vir Willie de Beer: willie@kerk.co.za of 082 309 5342

GROEP VIR STUDENTE: Dinsdae 19h00

Daar is 'n groep vir studente wat op Dinsdae aande 19h00 bymekaar kom in die Jeugsentrum. Kontak vir Willie de Beer vir meer inligting: willie@kerk.co.za of 082 309 5342

GROEP VIR Jong Getroudes en Jong Werkendes: Woensdae 18h30

Daar is 'n nuwe groep vir jong getroudes en jong werkendes op Woensdae om 18h30 by die kerk. Daar is versorging vir kinders. Kom skakel in en word deel. Skakel vir Danie du Plessis vir meer inligting by 073 854 2974.

ICONNECT

Indien jy êrens wil inskakel, nuut is of meer inligting oor die gemeente wil hê; is jy welkom om na die diens met die span by iConnect te gesels wat vir jou al die inligting sal gee. Kyk uit vir die iConnect baniere **voor in die kerk.**

Indien jy graag op ons databasis wil kom om emails en smse van die kerk te ontvang, vul asseblief die "Aangename Kennis" kaartjies in tussen die stoele en banke. Jy kan dit ingooi in die houtposbusse by al die deure van die kerk. Ons kontak jou gerus deur die week net om te groet!